

# INTERNASIONALE DAE VAN GEBED

5 tot 12 November 2017



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

# 12:26-UITDAGING

## KAN JY 'n MINUUT AFSTAAN?

'n Minuut is so kosbaar. Vra net vir iemand wat die bus gemis het of wat in die verkeer vassit omdat hulle die huis 'n minuut later as gewoonlik verlaat het. Baie kan in een minuut gebeur.

Vandag, dus, wil ons jou uitdaag om 'n minuut af te staan om deel te neem aan ons Internasionale Dae van Gebed (IDOP) se 12:26-Uitdaging. Hoekom 12:26? Eerste Korintiërs 12:26 sê, *"En as een lid ly, ly al die lede saam..."* Vir die agt dae van IDOP, stel jou alarm vir 12:26 nm. en onderneem om vir ons broers en suster te bid.

05/11/17

BANGLADESJ

WWL #26

Namate die bedreiging van militante Islamisme in Bangladesj groei, so ook groei die gewelddadige aanvalle op Christene.

*"Dorpsmense het ons onder huisarres geplaas en my pa so erg gemartel dat hy gehospitaliseer moes word."* – Nahid Babu\*



**12:26** nm. Bid dat die Here die Christene in Bangladesj daaglik sal bystaan, versterk en bemoedig.

06/11/17

VIËTNAM

WWL #17

Christene word deur die regering dopgehou, om 'n kerk te registreer is moeilik, en onlangse wetgewing beperk nou geloofsvryheid.

*"Ons moet 'n lys maak van al die mense wat kerk bywoon. Ons stel ook die owerhede in kennis van ons skedule. Dan gee hulle aan ons mondelikse goedkeuring."* – Pastoor Vanh\*



**12:26** nm. Bid dat die Heilige Gees Christene in Viëtnam sal versterk, sodat hulle die mense om hulle na Jesus Christus sal rig.

07/11/17

NOORD-KOREA

WWL #1

Noord-Koreaanse burgers mag slegs vir Kim Jong-Un aanbid. Daarom staar Christene gevangenskap, marteling of die dood in die gesig.

*"Toe ek sien hoe ek en die ander gevangenes behandel word, asof ons nie eers mense is nie, het ek hoop op die lewe laat vaar..."* – Myoung-Hee\*, 'n Noord-Koreaanse Christen



**12:26** nm. Bid vir die verkondiging van die Evangelie in Noord-Korea, sodat die waarheid van God die harte van alle Noord-Koreane sal aanraak.

08/11/17

SIRIË

WWL #6

Christene in Sirië is reeds vir meer as ses jaar vasgevang in die kruisvuur van 'n burgeroorlog.

*"Ons het in Homs gewoon saam met ons vier kinders. As gevolg van die gevegte moes ons vlug. Dit is moeilik..."* – Sham\*, 'n Christen-vlugteling



**12:26** nm. Bid vir gelowiges in Sirië om, te midde van die oorlog, kragtige getuies van Christus se liefde te wees.

09/11/17

## EGIPTE

### WWL #21

Vroeër hierdie jaar het die Islami-tiese Staat beloof om Christene in Egipte uit te wis – hulle ervaar een dodelike aanval ná die ander.

*“Wat ek op pad na my man gesien het, was verskriklik, asof h slagting pas plaasgevind het...” – Sara\*, weduwee van h Palmsondag-martelaar*



**12:26** nm. Bid vir die beskerming van Christene in Egipte, en dat God Islamitiese leiers na Christus sal bring.


10/11/17

## LIBIË

### WWL #11

Libië is h toegewyde Islamitiese nasie, en om Islam te verlaat word as kulturele verraad beskou. Christene moet dus hul geloof geheim hou.

*“Die woonkamer was vol mans met wit rokke en lang baarde. Een van hulle het my met sy vuis in die gesig geslaan.” – Maizah\*, h Christen-bekeerling*



**12:26** nm. Bid dat Libiese Christene, wat erge vervolging ervaar, standvastig in hul geloof sal bly.

11/11/17

## NIGERIË

### WWL #12

Alhoewel die Nigeriese weermag h sekere mate van sukses gehad het in die stryd teen Boko Haram, bly die moorde van Christene, uitgevoer deur Hausa-Fulani-veewagters, steeds h bekommernis.

*“Ons het voorheen onder die Fulani gewoon. Ons het hulle geen rede gegee om ons dood te maak nie... hulle wou ons doodmaak omdat ons Christene is.” – Christina\*, wat haar man verloor het aan die hande van Fulani-veewagters*



**12:26** nm. Bid vir krag vir Christene wat hulle geliefdes verloor het in die aanvalle deur Boko Haram en Fulani-veewagters.

12/11/17

## ERITREA

### WWL #10

Talle Christene in Eritrea is al vir meer as h dekade in die tronk en leef in ellendige omstandighede ter wille van hul geloof.

*“Ons het tronkselle gedeel met alle tipes mense: dronkaards, geharde kriminele, die kranksinniges... Ons het selde deur die nag geslaap...” – Aberash\*, Christenleier*



**12:26** nm. Bid dat Eritrese Christene hulle oë ten volle op Christus sal rig, namate hulle vervolging ervaar omdat hulle Hom volg.

\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.

Ons sal graag vir jou twee van ons **12:26**-armbande wil stuur, as h spesiale dankie vir jou donasie of h verhoging in h staande debietorder wat help om die Evangelie te bevorder waar geloof die meeste kos. Hierdie armband dien as h konstante herinnering dat ons, as die liggaam van Christus, een is. En met IDOP om die draai, is dit h uitstekende manier om te onthou om vir ons vervolgte familie te bid.

Kry dus jou armband wanneer jy vandag gee! En maak asseblief seker dat jy die tweede armband weggee, en só iemand aanmoedig om betrokke te raak by die **12:26**-Uitdaging!

Maak jou aanlyndonasie by **Opendoors.org.za/afr/1226**, of stel ons in kennis van jou donasie deur 011 888 9341 te skakel. Gebruik asseblief jou donateursnommer + PR1710 as verwysing.

Dankie vir jou geskenk!

\*Aanbod slegs geldig tot en met 31 Oktober 2017.

